81/172589
(Z 14)

G.P.-S. (F-B)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw. Nr./Ref. No. A 3097
NAVRAE/ENQUIRIES: HVNK/ws
Tel. No. 84212

KANTOOR VAN DIE—OFFICE OF THE

Kringinspekteur
Bloemfontein-Suidkring
P/Sak X20513
BLOEMFONTEIN
9300

1981-03-25

Die Sendingsekretaris
Bus 1399
BLOEMFONTEIN
9300

DIE SENDINGSEKRETARIS
27-3-1980
N.G. KERK, O.V.S.

VALSFONTEIN PLAASSKOOL: TROMPSBURG

1. In opvolging van my persoonlike gesprek met u van enkele dae gelede, net die volgende:
By die betrokke skool is daar geen toiletgeriewe en geen water beskikbaar nie.
Die nodige toesig ontbreek ook, omrede die bestuurder nie op die plaas woonagtig is nie.

2. Dit word aanbeveel dat u oorweging skenk aan die sluiting van die skool en wel aan die einde van die huidige jaar, nl. Desember 1981.

3. Aangesien die kerk nie kwalifiseer vir subsidie by die oprigting van klaskamers nie, maar 'n bona-fide boer wel kwalifiseer vir subsidie, kan die nodige skoolgeriewe dus baie makliker op 'n aangrensende plaas deur 'n boer opgerig word.

4. Daar is ook reeds 'n boer in die onmiddellike omgewing wat bereid is om die nodige skoolgeriewe op te rig. Die bestaande meubels en toerusting by Valsfontein plaasskool kan dan aan die begin van 1982 na die nuwe skool oorgeplaas word.

5. Sou u egter verkies om met die bestaande skool voort te gaan, moet hierdie Departement daarop aandring dat die nodige toiletgeriewe en watervoorsiening onverwyld u dringende aandag geniet.

6. Graag verneem ek van u besluit oor hierdie saak.

Krüger
.....
KRINGINSPEKTEUR